Hoofstuk 85 Die Sterrestelsels / Surah Al-Baruj

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

1. Ek sweer by die hemelruim, met sy sterrestelsels,

2. en by die Beloofde Dag, die Opstanding en Oordeelsdag

3. en by dit wat bywoon en dit wat waaraan aandag geskenk sal word, die getuie en dit waarteen getuig word,

4. vervloek was die mense van die Vuurslote...

5. ... die koning van Jemen en sy volgelinge wat omtrent sewentig jaar gelede slote gegrou het, en meer as twaalf duisend mense daarin verbrand het wat geweier het om hul geloof in Allah af te sweer: 'n geloof wat ontstaan het as gevolg van die seun Abdullah se wonderwerke om onder andere 'n leeu met 'n klip dood te gooi en 'n blinde man te genees, na aanleiding van sy gesprekke met die Christen Monnik, op pad na sy daaglikse besoeke aan sy leermeester in die towerkuns, die koning se towenaar,

6. die mense wat by die vuur gesit het,

7. en gesien het wat hulle met die gelowiges gedoen het.

8. Diegene wat verbrand was, was van niks anders beskuldig nie as dat hulle geglo het in Allah, die Almagtige, die Een wat Waardig is om alle Lof te ontvang,

9. die een aan wie die koninkryk van die hemele en die aarde behoort. En Allah is die getuie van alles.

10. Waarlik, diegene wat die gelowige manne en vroue vervolg het, en wie nie berou gehad en hulle sonde bely het nie, vir hulle is daar 'n wrede pyniging van die Hel, en vir hulle is daar die wrede pyniging van verbranding.

11. Wat betref diegene wat geglo het en goeie dade gedoen het, vir hulle is daar tuine waaronderdeur riviere vloei. Dit is die groot prestasie.

12. Die ingryping van jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is dit baie erg.

13. Waarlik Hy is die Skepper en die Een wat na die dood weer lewend maak.

14. En Hy is die Mees Vergewende, die Liefdevolste,

15. die Meester van die Troon, die Glorieryke.

16. Hy is die uitvoerder van Sy wil.

17. Ken jy die verhaal van die magte,

18. van Farao en Thamud?

19. Diegene egter wat nie glo nie is betrokke by die miskenning van die waarheid.

20. Allah het hulle omsingel van alle kante.

21. Die werklikheid is dat dit die verheerlikte Koran is,

22. opgeteken in die goed bewaarde Tablet, die Lauh Mahfuz.